

Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik

Missie: Koinonia, Geloof en Getuienis

Jaargang 25

4de Kwartaal 2024

KERSFEES - 'N VAAG BEKENDE VERHAAL?

Vir baie mense is die Kersgebeure soos Laurika Rauch se liedjie "Kinders van die wind" se vaag bekende grepies van 'n baie ou verhaal. So ietsie van 'n sprokie, 'n kinderverhaaltjie, 'n misterieuse gebeurtenis wat lank gelede gebeur het en wat met die werklikheid niks te doen het nie. Is dit so? Het Kersfees met die werklikheid niks te make nie? Is dit maar net 'n kinderverhaaltjie?

Die mens vir wie dit so is, het nog nie sin of betekenis van Kersfees besef of beleef nie. Kersfees staan midde in die werklikheid van ons lewe en die betekenis van Kersfees raak ons ganse bestaan op aarde. Dis daarom dat die engele toe hulle die geboorte van Christus aangekondig het, dit gedoen het met die woorde: "**Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n**

welbehae het!" Hulle sê die koms van Jesus Christus bring vrede op aarde. Wie beleef die vrede? Die mens. Waar beleef hulle dit? Op die aarde. M.a.w. die koms van Christus het uit en uit te make met die werklikheid van die mens se lewe op aarde. Dit raak ons hele bestaan. Sy koms verander die werklikheid van mense se lewe op aarde.



Sy koms bring vrede vir die mens wat vanaf die sondeval, 'n verlore, soekende wese is, soekend na God en vrede met God. Baie soekers is soos Laurika Rauch sing: "*swerwers sonder rigting, soekers wat nooit vind*". Vir die soekers sê die engele; *jou soektog is op 'n end, jou swerftog is verby*. Christus het gekom en jy kan nou vind waarna jy soek - vrede, want God gee dit in Christus. God gee die vrede "vir die mense

in wie **Hy 'n welbehae het!**" Omdat Hy hulle liefhet! Joh 3:16 spel dit baie duidelik uit: **"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê"**.

God gee die vrede. Eer Hom, loof Hom, prys sy Naam omdat Hy Homself hier op die heerlikste manier geopenbaar het, omdat Hy, wat in die hemel is, soveel liefde het vir verlore mense dat Hy aan hulle, die soekers en swerwers, gee dit wat hulle die minste verdien, sy vrede.

As Kersgangers moet ons in ons Kersvierings dáár begin: **Eer aan God**. Saam moet ons vir God verheerlik vir die voorreg wat die Kersgebeure en die geboorte van Jesus aan ons gegee het - om kinders van God te wees, om sy vrede in ons harte te hê. Saam moet ons Hom verheerlik dat ons elke dag van ons hele lewe tegemoet mag gaan, nie met twyfel en onsekerheid nie, maar met die wete, dit wat op Kersdag gebeur het, is 'n werklikheid. 'n Werklikheid wat troos en bemoediging beteken vir ons hele lewe omdat God ons liefhet.

Omdat dit God behaag het, het Hy in sy Seun Jesus Christus die duisternis weggestoot sodat die lig van redding op Kersdag kon deurbreek. Aan daardie lig het ons deel. As gelowiges leef ons in die lig. Nou hoef ons nie meer swerwers en soekers te wees wat nooit vind nie. My swerf- en soektog is verby want ek het gevind - eintlik... ek is gevind. God het my gevind en aan my sy vrede gegee. Nou is die Kersgebeure vir ons nie meer soos *"vaag bekende grepies uit 'n baie ou verhaal nie"*. Nou kan ons leef met 'n groot heerlike, vredebringende sekerheid: die welbehae van God is agter ons, voor ons, oor ons. Net só 'n werklikheid as wat die welbehae van God op daardie Kersdag was, net só is dit vandag nog 'n heerlike werklikheid.

Daarom, as ons saam met die engele kyk na die Kersgebeure, die geboorte van Jesus, sing ons: **"Eer aan God in die hoogste hemel"**.

Lukas Meyer Foto: Jan van der Merwe – Bainsvlei 2021.

DOOP

Baie geluk aan Jurgens en Mariska Pieterse met die doop van hul dogtertjie, Milé op 29 September 2024. Geluk ook aan die res van die familie en ons vertrou dat sy vir julle almal tot groot seën sal wees en dat jul haar grootword baie sal geniet. *Foto - Phillip*



ONS SENIOR BURGERS (80 jaar en ouer)

Geluk en seën vir hierdie nuwe jaar in u lewe. *Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang het, kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my baie mooi. Ps 16:5/6*

Oktober:

01 – Johan Joubert (83): Dit gaan goed met hom. Hy sê sy vrou sorg nog goed vir hom, hy het nie klagtes nie.

03 – Mariàn Otto (82): Dit gaan baie goed. Net genade!

12 – Annè Opperman (86): Dit gaan goed, sy is gesond en aan die gang en baie dankbaar vir wat sy nog het.

14 – Krimpie du Preez (85): Dit gaan baie goed. Is dankbaar vir goeie gesondheid, bly lekker en het regtig nie klagtes nie.

21 – Lehane Rothman (81): Na gebeure die afgelope tyd voel sy 'n bietjie broos, maar as sy voel of haar voete gly, dan steun sy vas op Ps 94:18 – 24.

November:

03 – Annetjie van Lill (90): Dit gaan baie goed met tannie Annetjie. Sy geniet goeie gesondheid en haar beker loop oor!

11 - Babes Roberts (82): Dit gaan goed – bene pla maar nog, maar geniet verder goeie gesondheid.

19 – Dolf Lategan (82): Gaan goed al is daar dingetjies wat pla.

21 - Sally Coertze (92): Dit gaan goed met tannie Sally. Sy het 'n operasie ondergaan en, alhoewel sy seker nie weer sal kan hardloop nie, kan sy nou weer loop net waar sy wil!

27 – Hannetjie Pieterse (83): Dit gaan baie goed en sy is dankbaar dat sy nog kan doen wat sy doen.

30 – Theuns Otto (82): Dit gaan goed met hom. Hy is baie geseënd en het niks om oor te kla nie.

Desember:

03 – Susan Myburgh (81): Sy het geval, het 'n operasie ondergaan, weer geval, en weer 'n operasie ondergaan! Alles binne 'n maand.

Verder gesond en dit gaan goed. Die herstelproses vat net lank.

12 - Joey Cronjé (87): Dit gaan goed met haar. Sy gaan aan, doen nog haar dinge en geniet haar tuin.

12 – Dawie Smit (86): Dit gaan goed. Bene soms seer maar dankbaar dat hy verder nog wonderbaarlik gesond is vir sy ouderdom.

15 – Hannes de Swardt (87): Geen klagtes nie. Baie dankbaar vir die mate van gesondheid wat hy nog geniet.

19 – Joey Weideman (88): Dit gaan baie goed met haar. Sy is nog baie bedrywig met haar naaldwerk en hekel- en breiwerk.

Vrede is vryheid deur gemoedsrus in God - Cicero

GETUIENIS IN AKSIE

Die naweek van 19-20 Oktober 2024 was 'n besondere naweek in Parys. Die NG- Suid-en-Wes gemeentes het, soos verlede jaar, weereens 'n projek van samewerking aangepak en met sukses volvoer.

Op Saterdag 19 Oktober het lidmate van beide gemeentes in die kerk van Parys- Suid gemeente vergader. Ds. De la Harpe le Roux (foto), uitvoerende amptenaar van die Diens van Barmhartigheid in die Vrystaat (Sinodale kantoor) het as spreker opgetree. Ds. Le Roux is ook die leraar by die bekende Tweetoringkerk in Bloemfontein.

Ds. Le Roux het met vaardigheid, sinvolheid en entoesiasme die lidmate aan sy lippe laat hang. Hy het met praktiese voorbeelde pitkos t.o.v. straatbewoners en hul verwagtinge in ons midde kom lê.

Die hoogtepunt van die oggend was toe die spreker die teksgedeelte in Jesaja 58:6-12 in ons midde gelê het. Die leser van hierdie berig kan dit gerus in die Bybel gaan naslaan en sal dan sien wat die Here werklik aanneemlik vind in ons handel en wandel.

Na die sessie is ds. Le Roux op 'n uitstappie na Vredefort en die groter Parys geneem. Die laaste gesprek was met die lidmate en Braam Celliers het ds. Le Roux en die aanwesiges ingelig oor die aksieplanne vir die straatbewoners in Parys.

Op Sondag 20 Oktober is daar 'n gesamentlike diens vir die twee gemeentes by Parys-Wes gehou en ds. Le Roux het ons uit die Woord van ons Hemelse Vader bedien. Sy tema was "*Weet jy hoe klink 'n honger brood*" en die skrifgedeelte was Matt.15:29-38. Onnodig om te sê dat die lidmate gretig was om na die boodskap van hoop te luister en hoe ons Vader ten alle tye gereed is om te luister en om sy liefdeswerk voort te sit. Die Here sal sy werk doen, ons moet net daar wees waar dit nodig is!

Hannes van Vuuren / Foto - Phillip



SCHONKENVILLE BASAAR – 6 SEPTEMBER 2024

Die NG Gemeente Schonkenville het hul jaarlikse basaar op Vrydagmiddag, 6 September gehou en, soos wat die gebruik nou al vir 'n hele paar jaar is, was Parys-Wes weer verantwoordelik vir die pannekoek. Parys-Wes het die deeg aangemaak en teen 16:00 het die bakkers by Schonkenville se kerk aangemeld. Teen die tyd dat die basaar begin het was daar al 'n mooi voorraad pannekoek. Die gevolg – daar was nooit 'n lang tou nie en sowat 400 pannekoek is teen R5.00 stuk verkoop.

Ander gemeentes was ook betrokke en so het ons saamgewerk om die sukses van Schonkenville se basaar te verseker.

Dankie aan almal wat betrokke was.

Suna

NUWE INTREKKERS

Hartlik welkom in die gemeente. Ons vertrou dat jul betrokkenheid by NG Parys-Wes vir jul tot seën sal wees. Gewillige hande is altyd welkom en ons wil jul uitnooi om by een van die diensgroepe betrokke te raak. Kontak gerus die kerkkantoor as jy iewers wil help.

Naam	Van	Vorige gemeente	Wyk
Jan-Louis	Venter	NG Gemeente Vredefort	M1
Magda	Du Plessis	NG Moedergemeente Parys	End
Ronêl	Allers	NG Moedergemeente Parys	End

PARYS-WES HOU VLOOIMARK

Mense het vooraf aangedra en aangedra en daar is massas goed vir die vlooiemark versamel. 'n Paar weke voor die vlooiemark het 'n klompie vrywilligers baie hard gewerk om honderde items uit te dra, af te stof, te prys en uit te pak op tafels wat vooraf in en om die saal reggeskuif is.

Op Saterdag, 5 Oktober was dit die groot dag en mense het van oral oor gekom om deur die goetertjies en klere te snuffel op soek na 'n winskopie of twee. En daar was baie. Daar was jong mense wat seker besig was om huis op te sit wat met arms vol goed rondgeloop het op soek na nog skatte. Sommiges het mooi kledingstukke aangeskaf en ander het speelgoed vir kleingoes wat kom kuier gekoop



- dit alles teen 'n paar rand. En daardie rand hier en 'n paar rand daar, het aan die einde van die dag die mooi bedrag van R13 600.00 ingesamel.

Daar is ook gesorg vir die innerlike en die pannekoek en koffie het groot aftrek gekry terwyl mense terselfdertyd lekker gekuier het.

Baie dankie aan die gewilliges wat alles in plek en gereed gekry het vir hierdie mark en ook dankie aan al die kopers wat die geleentheid ondersteun het.

Foto: Phillip

HOEKOM DIE BYBEL?

Dawid Verwey van Japansending skryf: Japansending en werkers stel Bybels in Suidoos-Asië beskikbaar. Duisende Bybels wat in die Zotung-taal gedruk is, is onlangs in Kambodja en Mianmar versprei. Getuienisse toon nie net die groot behoefte nie, maar ook die krag van God se Woord en hoe uiters betekenisvol dit is vir diegene wat dit ontvang. Hier is een getuienis:



“My naam is mnr. Thawng Awi en ek is 61 jaar oud. Toe ek Christus aangeneem het, het ek daarna verlang om die Bybel te lees, maar daar was nêrens Zotung Bybels te koop nie. Ek het probeer om 'n Birmaanse Bybel te koop, maar dit was te duur. Toe ek in die hospitaal begin werk het, het ek met my eerste week se salaris 'n Birmaanse Bybel gekoop. Ek gebruik nog steeds daardie Bybel, maar ek het 'n Bybel in my eie taal nodig om alles te verstaan. Ek het onlangs 'n Zotung Bybel gratis ontvang! Dit was die gelukkigste dag, omdat ek 'n Bybel in my eie taal ontvang het. Ek glo sterk dat ons Zotung-mense geestelik en op elke terrein van die lewe sal groei, omdat die Woord van God ons lewens vul. Dankie aan diegene wat gewerk het om hierdie Zotung Bybels te skenk. Jy het die grootste bediening vir ons Zotung-mense gedoen.”

Grafika - Internet

“BELLS” – ‘N DRANKIE OF ‘N INGESTELDHEID??

Die akroniem “BELLS” belig vyf gewoontes van of uitdagings vir gelowiges wat ernstig is oor gestuurdheid.

Vir ons as Christene, maar veral ook vir ons as gemeente, sal ons meetsnoere in pragtige plekke val indien ons van die “BELLS”- beginsel bewus word. Die “BELLS”- beginsel is ‘n effektiewe manier om gewone lidmate aan te moedig om ‘n leefstyl van missionaliteit te kweek en vol te hou.

B – BLESS (Seën) : Die eerste gelowiges het hulleself toegewy aan bepaalde geloofsgewoontes soos opofferende dade van goedheid aan ander. Hulle het mekaar op talle wyses geseën, gedra en gekoester. Om iemand anders te seën neem gewoonlik een van drie vorme aan:

1. Woorde van aanmoediging en bevestiging.
2. Dade van goedheid en guns (hulp aan ander).
3. Geskenkies. Die ontvanger van ‘n geskenkie teer op die liefde en moeite asook die gedagte daaragter.

E – EET : Geniet die voedsel wat op jou tafel is. Nooi jou vriende na ‘n maal. Een van die vriende kan moontlik nie deel van jou vriendekring wees nie.

L – LUISTER : Luister na die Gees van God, maar luister ook na jou naaste se hart. Bied beskerming aan.

L – LEER : Leer Jesus beter ken en leer jou vyand, jou vriend en jou tydgenote wie Jesus werklik is. Ons denke en siel moet in Jesus gemarineer wees.

S – STUUR : Ons as gelowiges moet elke geleentheid aangryp om met verantwoordelikheid ander mense bewus te maak van God se heerskappy in Christus – dit moet ernstig opgeneem word. Ons as gestuurdes het beslis ‘n wonderlike taak om te volvoer. “Stuur” beklemtoon dat ek moet gaan werk!!

Met die akroniem “**BELLS**” word ons almal al meer en meer vrygewige, gasvrye, Geesgedrewe, Christengesinde gestuurdes waarmee God die wêreld om ons verander. Dit is beslis die moeite werd!!

Bron: Uit die gemeente - Anoniem

FUNKSIE VIR BEJAARDES – 11 OKTOBER 2024

Ons kerkkalender wys dis alweer Oktobermaand en in die blokkie van die 11de dag staan geskryf: “Funksie vir Bejaardes” – ‘n hoogtepunt op ons kerk se jaarprogram.

Om 8 vm kom ‘n klompie gryskoppe op die kerkgronde bymekaar en kry koers op die Fochville-pad tot waar ons regs afdraai by die groot muur waarop die naam van ons bestemming in duidelike letters geskryf staan: DEO VOLENTE (D V = “as die Here wil” - Jak 4:15). Deo Volente is Willie Burger se pragtige plaas langs die Vaalrivier. Hier kan mense kom uitspan, ontspan, visvang of trou. Daar aangekom, haal almal hulle piekniekmandjies wat met eetgerei en ‘n koel drankie toegerus is uit. Die klaar voorbereide saal wag op ons en elkeen kry ‘n koppie koffie of tee en ‘n sitplek. Die ongeveer 40 siele groet mekaar hartlik oor en weer en gou gons dit in die saal. Heel lagwekkend hoor jy hier en daar: “Wat is jou naam (van) nou weer?” Ds Barry roep ons tot orde om eers stil te word voor die aangesig van ons Vader en ons sê dankie vir ‘n mooi lentedag, gespaarde lewens en die mate van gesondheid waarin ons nog verkeer. Hy vra ook die Here se seën op die verrigtinge van die dag.

Ons sing Jan Pierewiet, Pollie ons gaan Pêrel toe en nog ander bekende liedjies hartlik saam. Ds Barry sing vrolik “Ek soek na my Ina, my Ina, die Ina van my” tot almal se vermaak. Ons speel Bingo en Wilma en dominee moet wikkell om die “Bingo!!”-wenners te beloon met ‘n lekkerny.

Die braaispan kondig aan dat die braaivleis gereed is en nadat die seën gevra is en ons dankie gesê het dat ons as gelowiges saam kan eet, laai ons ons borde vol met die heerlikste, sagte braaivleis, slaai en vars brood. En dis nie al nie, ons word nog met vrugteslaai en roomys ook bederf. Almal is knuppeldik! Ons pak op en gaan uitmekaar met liefde, vreugde en dankbaarheid na 'n genoeglike oggend.



Baie dankie aan ds Barry wat ons leier vir die dag was, aan Willie Burger vir sy gasvryheid en die gebruik van die fasiliteite en aan die Kerkraad. Dankie ook aan Wilma, Gideon, Phillip en Attie vir die voorbereidings, die kos en die braai van die vleis sodat ons die oggend terdeë kon geniet. Ons senior lidmate het voorwaar 'n ereplek in die N G Gemeente Parys-Wes.

Rina Viljoen

KOM BID SAAM!

Op Sondag 10 November is daar tydens die erediens, afskeid geneem van twee geliefde mense in ons gemeente, Chris en Marina Stander wat vir 6 jaar hier gewoon het. Met hulle intrek het hulle te kenne gegee dat hulle graag die dienswerk vir voorbidding op hulle wou neem.



Dadelik is 'n (nuwe) gebedsgroepie begin wat elke Donderdag om 9:00 bymekaar kom en elke Donderdag bly dit iets besonder om vir Chris te sien wanneer hy die stukkie lees uit sy braille Bybel. Terselfdertyd het Marina ook gesorg vir 'n gewillige groepie WhatsApp voorbidders wat deur haar op hoogte gehou word van sake en siekes wat ons voorbidding baie nodig het. Ook kon sy inligting gee oor die afloop van operasies, vordering en beterskap by die wat ongesteld is - 'n baie waardevolle diens (en aanvullend tot Sondag se afkondigings). Behalwe vir die Standers se weggaan, mis ons ook vir Willie Hoffman wat baie swak en siek in Najaarsrus lê. Hy was op 'n Donderdagoggend eerste daar, stoele op hulle plek, liedboeke uitgehaal en reg om vir ons te sê wat ons gaan sing!

Hulle weggaan laat 'n groot leemte. Maar bid gaan ons nie ophou bid nie! Kom versterk ons geledere, ons ontvang baie positiewe terugvoer en dankbaarheid van gemeentede. 'n Hartlike uitnodiging om deel te wees van hierdie onmisbare dienswerk in God se Koninkryk: Donderdagoggend om 9:00 in die konsistorie of deel van die WhatsApp groep wat voortaan deur Dries (0729682136) hanteer sal word.

Die Meyers Foto: Barry – Tydens besoek aan Willie op Donderdag, 14 November 2024


UIT DIE KERKKANTOOR – Dries Saalprojek

Almal het gesien en dit ervaar dat daar groot herstelwerk aan die saal gedoen is. Al die barste in die saal is in oorleg met 'n ingenieur herstel en daar is, soos wat in die foto's gesien kan word, heelwat staal in die proses gebruik. Gelukkig is dit nou voltooi en ons saal lyk weer baie goed. Die koste van die projek het R100 500.00 beloop en ons is dankbaar dat ons die fondse daarvoor gehad het. Dankie ook aan die kontrakteur wat die werk gedoen het. *Foto: Dries*



Crack Stitching

FACE BRICK WALL



Benutting van die saal se fasiliteite

Die saal se geriewe word baie goed benut en dit sorg vir 'n inkomste wat weer elders aangewend kan word.

Op vyf dae van die week word daar in die oggende en soms laatmiddag Pilatusklasse aangebied. Daar word ook van Maandag tot Donderdag en soms ook op Vrydae in die middag na skool gimnastiekklassie vir skoliere aangebied. Op Maandag- en Woensdagaande is daar 'n groepie wat lyndansklasse bywoon.

Verder is daar ook kleuterskole en ander groepe wat die saal by geleentheid huur vir hulle jaarlikse prysuitdelings of afsluitings.

Die laaste paar jaar is die jaarlikse Desember Kers-en-Kunsmark in ons saal gehou en vanjaar is hulle weer van 11 tot 22 Desember hier

by ons. (NS! Indien jy kan help met die Kersmark se teetuin, kontak asb die Kerkkantoor).

Benewens hierdie buite-instansies wat die saal huur, is daar natuurlik ook nog ons eie kerk se aktiwiteite soos die bak van pannekoek, basaars, vlooiemark, pik&proe-geleentheid, ens, ens waarvoor daar ook voorsiening gemaak moet word. Gelukkig is die saal Sondagoggende beskikbaar vir die kategese en die koinonia om 'n koppie koffie of tee.

Tiende maand dankoffer

Dit is wonderlik om te ervaar. Oktobermaand is 'n besondere maand! 2 Kor 8:12 "Want as 'n mens graag iets wil gee, dan aanvaar die Here dit wat jy kan gee. Die Here wil nie hê dat jy iets moet gee wat jy nie het nie".

Hierdie jaar het die tiende maand dankoffer R50 700 opgelewer teenoor die R24 400 van verlede jaar. Dankie vir elke bydrae. Ons sê ook dankie Here dat U vir ons sorg, vir dit wat ons het en kan geniet en vir U genade!

NG PARYS-WES SE 2024-VISVANGKOMPETISIE

Daar is lank beplan aan hierdie eerste hengelkompetisie om fondse in te samel vir die Jeug en die Maandag, 5 dae voor die kompetisie is daar nog gewonder of dit die moeite werd sal wees om daarmee voort te gaan omdat daar net 7 inskrywings was. Dinge verander vinnig en op Saterdag, 19 Oktober 2024 was daar 36 hengelaars wat kom deel het in die pret. Die dominee het hoeka die volgende dag oor die vermeerdering van die brood en vissies gepreek.

Daar was ernstige hengelaars en dan was daar diegene wat net die dag in die buitelig saam met familie en vriende geniet het. Hengelaars moes om 06:00 aanmeld en alles in plek kry en om 07:00 het die toeter geblaas en is daar in alle

erns begin visvang. Fanie en Tersia van Crater Coffees het ook gehelp om fondse vir die jeug in te samel met hul afleweringdiens wat koffie en worsbroodjies by die verskillende stasies voorsien het.

Volwassenes en kinders



het in die water baljaar. Party gazebo's het weggewaai, party visse het weggekom (*natuurlik daai groottes!!*), maar daar was deurentyd 'n baie gemoedlike atmosfeer langs die dam.

Alle kompetisies kom tot 'n einde en om 15:00 het die toeter geblaas waarna die groot inweeg begin het en daarna was dit die prysuitdeling. JC Maritz het die Dikhololo-week gewen. Tienie die vleishamper, Paul Neethling die Battery Centre-geskenkbewys en ons gemeente se eie Hannelie Havenga, die R400-geskenkbewys by O's vir die grootste baber. Daar was 'n raai-raai-kompetisie waar die antwoord ge-whatsapp moes word en Hecter van der Westhuizen het die mooi pet van Verons gewen. Die jongste hengelaar, Lisa Coetzee, was 4 jaar oud en sy het 'n pet van Verons gewen. Thinus Strydom (77) van Koppies was die oudste hengelaar en hy het 'n Crater Coffee-geskenkpak gewen. Miko van Rooyen (6) het die R100-geskenkbewys van PnP vir die kleinste vissie (100g) gewen en Wolter Cilliers het 'n River

Bottom-geskenkbewys met die grootste Spieëlkarpp losgeslaan.

Ai, die lekkerste van die dag was die ondersteuning van gemeentelêde wat nie eers visgevang het nie en ook die ondersteuning van hengelaars uit ons eie gemeente.

Baie dankie aan die organiseerders van die dag. Yolande se neef, Riaan Maritz, is ook ingespan om te help reël en beoordeel. Dankie Riaan. Dit was 'n goeie dag en daar is ongeveer R10 000-00 ingesamel vir die jeug en dit sal onder andere gebruik word om 'n klimraam op die kerkterrein op te rig. Dankie aan al die hengelaars. Sonder julle deelname kon ons dit nie doen nie.

Ons dank die Here vir 'n geseënde dag en hoop ons kan dit volgende jaar weer aanbied en dit nog lekkerder en beter maak.

Yolandè Potgieter



NGK PARYS-WES - KERSLIEDERE BY KERSLIG
 14 Desember 2024 om 17:00.
Bring jou piekniekmandjie, stoele, kombes en liggie en kom kuier saam. Kom deel in die gees van die Christusfees. Bring asb 'n blikkie nie-bederfbare kos vir die Kerskosprojek.
ALMAL WELKOM
Grafika: Die Republikein

ERSDIENS – 25 DESEMBER 2024

By Parys-Wes op Woensdag, 25 Desember om 09:00.

OJJAARSDIENS – 31 DESEMBER

Oujaarsdiens by Parys-Wes om 18:00 op Dinsdag, 31 Desember 2024.

GESAMENTLIKE KERKDIENTE IN DESEMBER OM 09:00

Sondag 15 – Moedergemeente; Sondag 22 – Suid; Sondag 29 – Wes.

GLENNIFER KERSETE 2024

Die 60 inwoners van Glennifer is op 18 November weer met 'n heerlike Kersete bederf en hulle het dit volgens alle aanduidings baie geniet.

Dankie aan ons dames wat die etes voorberei het en ook aan gemeentelede wat op een of ander wyse bygedra het sodat die Glennifer-inwoners 'n heerlike Kersete kon geniet.

KERSKOSPROJEK 2024

Die Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid wil by voorbaat baie dankie sê aan elkeen wat bereid was om, nie teenstaande die swakke ekonomiese omstandighede waaronder ons almal gebuk gaan, steeds 'n bydrae vir hierdie verdienstelike saak te maak of nog gaan maaak. Daar sal in die volgende Posduif terugvoer gegee word oor die inkomste en uitgawes vir die projek.



KERSWENSE

Liewe Gemeente, mag ons elkeen saam met ons familie en vriende hierdie Kersfees Sy vrede, liefde, en genade ervaar!

Lukas 2 : 10-11 : *Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!*

GESEËNDE KERSEFEES!!

Kerkraad NG Parys-Wes

Dries Grafika: Christelike Media

Baie dankie aan elkeen wat vanjaar 'n bydrae gelewer het om die vier uitgawes van die Posduif moontlik te maak. Die bydraes was in die vorm van beriggies – soms met bietjie druk – foto's, proeflees én proeflees, voorstelle, ens en alles word hoog op prys gestel. Dankie ook aan die kerkkantoor wat sorg dat die Posduif die gemeente bereik.

Kommentaar oor of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan Hansie of Elize Bekker by hansieb@lantic.net. Foonnommer: 082 820 4306